# DIGKUNS - TERMINOLOGIE

- 'n **Versreël** is 'n enkel reël in die gedig.
- 'n **Strofe** bestaan uit 'n aantal versreëls wat 'n groep of eenheid vorm. Daar is verskillende tipes strofeindelings:
  - Twee versreëls – Koeplet.
    Drie versreëls – Tersine.
    Vier versreëls – Kwatryn.
    Ses versreëls – Sestet.
    Agt versreëls – Oktaaf.
- **Rym** is die herhaling van klanke. Daar is verskillende soorte rymskemas:

  Paarrym: aa bb

  Omarmende rym: a b b a


  Kruisrym: a b a b

  Gebroke rym: a b c a
- **Alliterasie** is die herhaling van dieselfde konsonant in 'n versreël.
- **Assonansie** is die herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël.

**Elisie** is wanneer 'n beklemtoonde lettergreep of 'n toonlose klinker weggelaat word om in die ritme van die gedig in te pas.

**Ellips** staan ook bekend as stippels bv. …. Dit wys dat die sin onvoltooid is. Die **titel** van die gedig is gewoonlik die sleutel tot die inhoud van die gedig en toon 'n verband daarmee.

Die **tempo** van die gedig is hoe vinnig of stadig die gedig voorgelees word.

Die **tipografie** van 'n gedig is die manier waarop dit gedruk word. M.a.w. hoe dit lyk byvoorbeeld 'n hart-vorm. 

**Beeldspraak:**

**Vergelyking**: wanneer twee sake met mekaar vergelyk word. Die woorde soos, net soos en nes word gebruik.

**Metafoor**: stel twee sake gelyk aan mekaar.

**Personifikasie**: is wanneer menslike eienskappe aan lewelose dinge gegee word.

Die **tema** van 'n gedig is die idee of die kerngedagte of die boodskap in die gedig.

- **Retoriese vraag** is 'n vraag waarop daar nie 'n antwoord verwag word nie.
- **Wending** is wanneer daar 'n verandering in die gedig kom.
- **Ritme** word gekenmerk deur beweging in die gedig.

**Stylfigure:**

**Ironie** is wanneer daar, om meer effek te verkry, op die teenoorgestelde gesê word.

**Letterlike en figuurlike betekenis:** Die letterlike (denotief) betekenis is iets werkliks soos "sy het haar hart vir hom gegee" beteken sy het haar hart vir hom gegee het vir 'n hartoorplanting. Die figuurlike (konnotief) betekenis is, sy is lief vir hom.

**Progressie** dui op vooruitgang of ontwikkeling in die gedig.

**Klimaks** is die hoogtepunt van 'n reeks gebeure wat spanning skep.

**Antiklimaks** is die teenoorgestelde van klimaks. Daar is 'n daling of ontknoping in die gedig en die spanning word verlig.

**Kontras** is wanneer twee uiterstes direk teenoor mekaar gestel word.

**Oksimoron** is wanneer twee teenstrydige woorde wat 'n kontras vorm direk langs mekaar geplaas word. Bv. ope geheim ens.

**Eufemisme** is die versagting van die harde werklikheid. Bv. hy het lang vingers in plaas van te sê dat hy steel.

**Onomatopee/klanknabootsing** is die nabootsing van sekere klanke of geluide. Bv. zoem, doef doef ens.

**Hiperbool** is 'n oordrywing van gebeure.

**Alleenplasing** beklemtoon iets wat alleen op 'n versreël geplaas word.

**Digvorme:**

**Vrye vers** is 'n gedig waar die aantal versreëls en die lengte van die versreëls verskil. Daar is ook geen vaste rympatroon nie.

**Sonnet** is 'n gedig wat in 'n sekere vorm geskryf word.